2024:3
DESEMBER
2024

# SIRKELFLITS KERSGROETE





MOOI
WENSE
VIR
2025

# K E R S G R O E T E

Terblanche Jordaan



Dit is die seisoen van welwillendheid en toegeneentheid waarin ons weer die **LIEFDE** onthou. Liefde wat meer werd is as al die goud, wierook, en mirre wat ons wil toedraai onder 'n kersfeesboom.

So aan die **einde van die jaar** beplan baie mense 'n vakansie om tyd met vriende en familie te spandeer. Ons wil ontspan, voete uitskop, so bietjie son op ons velle hengel, en dan 'n glasie lig op die jaar wat verby is en die jaar wat voorlê.

Aan die **binnekant smag die siel** na so bietjie rustigheid om weer te **fokus op dit wat regtig belangrik is** — om weer onsself te kan wees, minder gestres, minder gejaagd, en minder GEfokus op alles wat vlietend en verganklik is. Ons wil Kersfees vier met 'n innige gevoel van alles wat gepaardgaan met die LIEFDE: *vreugde, vrede, dankbaarheid, lag, tevrede, mededeelsaamheid, gemoedsrus, verwondering, opwinding, en GOD.*

Dit is ook die tyd waarin ons die **fees van die LIG vier**… ons noem dit tog **KERSfees,** en met dit herdenk ons die geboorte van die een wat gesê het, ***"Ek is die LIG vir die wêreld."***

Ons onthou daarmee met Kersfees weer dat **hierdie LIG nooit gedoof kan word nie**. Elke kers wat aangesteek word, herinner ons aan die warmte en hoop wat LIEFDE bring, selfs in die donkerste — nee, JUIS in die donkerste oomblikke.

**Die grootste geskenk wat ons vir mekaar kan gee, is die geskenk van ons tyd, van ons teenwoordigheid, van opreg luister, van gee en omgee.**

Laat ons hierdie LIEFDE nie net vier nie maar **uitleef** — in ons huise, by die werk, ons familie- en vriendekring, soos ook in ons Neo-Spektrumsirkel.

Hiermee wens ek vir jou en almal vir wie jy lief is en wat vir jou lief is, 'n geseënde Kersfees toe en in alle opsigte 'n voorspoedige 2025.

**Kersfees-groete**
**Terblanche**








# ONS BOEKEHOEK

**Lize-Mari du Plessis**

Hier is weer drie boeke wat ek wil bekend stel. Ek hoop julle sal dit geniet!




## *1.* The Curious Incident of the Dog in the Night-Time *Mark Haddon*




Hierdie baie unieke speurverhaal word in die eerste persoon oorgedra deur 'n 15-jarige seun wat verskeie gedragsprobleme het, maar ook baie lief is vir wiskunde. Dit word nie in die boek bevestig nie, maar dit word wel in die kort opsomming (die 'blurb') genoem dat die hoofkarakter aan Aspergersindroom ly. Die verteller, Christopher Boone, ondersoek die moord op hul buurvrou se hond, Wellington, en deur sy speurwerk vind hy baie uit oor sy eie familie en leer om die uitdagings van sy kondisie te hanteer. Die boek is wonderlik geskryf in die taal en ritme presies soos 'n jong man met Aspergers dit self sou vertel. 'n Detail waarvan ek baie gehou het, is dat die hoofstukke genommer is in priemgetalle: Christopher se gunstelingsyfers.


## *2.* Shantaram *Gregory David Roberts*




Hierdie ongelooflike avontuur speel af in die 1980's: Lin is 'n krimineel en heroïen- verslaafde wat uit 'n tronk in Australië ontsnap en na Indië vlug waar hy hom in die armste deel van Bombaai (Vandag Moembaai) vestig. Soveel gebeur met hom: Hy raak betrokke by die mafia en onwettige wapenhandel, hy maak 'n gratis kliniek oop om die siekes te help in die krotbuurt waar hy woon, hy is 'n ekstra in 'n Bollywoodfilm en hy beland selfs weer in die tronk. Hy maak vriende en vyande en raak verlief. Ten spyte van alles doop sy Indiese vriend se Ma hom met die bynaam Shantaram: 'Man of God's Peace'.

Baie interessant is dat die skrywer, Gregory David Roberts, self 'n kriminele agtergrond het, en uit 'n tronk in Australie ontsnap het. Baie mense beskou Shantaram as 'n autobiografie, alhoewel daar nie bevestiging is hoeveel feite en hoeveel fiksie is nie.

## 3. The Boy in the Striped Pyjamas *John Boyne*




Hierdie verhaal speel af in die tyd van die 2de Wêreldoorlog en is vanuit die perspektief van die 8-arige Bruno geskryf .

Bruno is die seuntjie van 'n Schutzstaffel-offisier, maar hy raak bevriend met 'n Joodse seuntjie wat aan die ander kant van 'n konsentrasiekampheining bly. Klein Bruno verstaan glad nie die oorlog nie, en om die storie te lees vanuit sy onskuldige, kinderlike perspektief as 8-jarige Duitser, maak die verhaal net soveel meer hartverskeurend.

'n Absolute MOET-lees.

## Die Bybel, die Christelike godsdiens en die waarheid deur Sakkie Spangenberg. 2024

Uitgewer: Naledi ISBN: 9781067234270

In sy jongste boek verduidelik Sakkie Spangenberg hoe dit wat vir eeue as algemene waarhede rakende die Bybel aanvaar is, in later eeue as onwaarhede uitgewys is.

Hierdie boek vra die kritiese vraag: "Kan ons alles presies só glo soos voorgeslagte dit geglo het?"

Na vyftig jaar se betrokkenheid by die onderrig van Bybelkunde en die Teologie asook navorsing op hierdie terreine, gee die skrywer 'n eerlike en openhartige antwoord op hierdie vraag.

Die boek beslaan 300 bladsye en die bibliografie bevat 239 bronne wat met die skryf van hierdie werk gebruik is.

### Resensie: Jean Oosthuizen
### 10 September 2024

Min Christene dink na oor die godsdiens wat hulle beoefen. Hulle aanvaar eenvoudig die vanselfsprekendheid van hul godsdienstige oortuigings. Die Christelike godsdiens is, volgens hulle, die enigste ware godsdiens en die Drie-eenheid bestaan van alle ewigheid af.

Met hierdie woorde in hoofstuk 14 van sy jongste boek som Sakkie Spangenberg die denkwêreld van waarskynlik die meeste Christene raak op. Min Christene dink verder as hulle katkisasieboek na oor die godsdiens wat hulle beoefen.

Terwyl die Verligting, ook bekend as die Era van Rede, gedurende die 17de en 18de eeu oor Europa gespoel het en vanaf die 19de eeu tot 'n afname in godsdienstige invloed gelei het, het sekularisering in Suid-Afrika stadiger plaasgevind. Die godsdiensdebat onder Suid-Afrikaners en die res van Afrika is eintlik nog in sy kinderskoene. Die Verligting was 'n Europese beweging van geletterde mense wat verklaar het dat bewyse belangriker as geloof is. Hulle wou mense uit hul onkunde bevry.

Die diepgewortelde konserwatiewe Calvinistiese waardes waarmee Afrikaners grootgeword het, het veroorsaak dat baie van hulle steeds glo hul godsdienstige en kulturele erfenis is onveranderlik.

In hierdie boek verduidelik Spangenberg hoe dit wat vir eeue as algemene waarhede rakende die Bybel aanvaar is, in later eeue as onwaarhede uitgewys is.

Die Calvinistiese borrel waarbinne die meeste Afrikaanse mense grootgeword het, het 'n omgewing geskep waarin meer fundamentalistiese geloofsoortuigings kon voortbestaan sonder die uitdagings wat Europese gemeenskappe beleef het.

Die Calvinistiese gemeenskappe in Suid-Afrika het gevolglik 'n mate van kulturele en godsdienstige isolasie gehandhaaf. Spangenberg help lesers om uit hierdie isolasie los te breek met boeke soos *Perspektiewe op die Bybel, Jesus van Nasaret, Teologie op die markplein, Bybelstories in perspektief,* ander skrywes van hom en nou ook hierdie boek.

Dit was eers kort voor die draai van die eeu toe Suid-Afrika in 1994 'n demokrasie geword en die Afrikaner sy politieke mag verloor het, dat al hoe meer Afrikaners ook op godsdienstige vlak in groter getalle uit die laer begin wegbreek het.

Spangenberg is 'n emeritusprofessor in Ou Testamentiese studies en het 'n groot invloed gehad op die manier waarop baie Afrikaanse mense oor geloof begin nadink het. Sy progressiewe en kritiese benadering tot die Bybel en die Christelike geloof het hom veral binne die konteks van Afrikaner-geloofsgemeenskappe die gramskap van die NG Kerk op die hals gehaal.

Soos baie teoloë voor hom, wat later reg bewys is, is hy van dwaalleer aangekla en in sy eie kerk as ketter beskou. Ná 'n tweede klag van leerdwaling ná talle gesprekke met die Ring van Lyttelton, bedank hy in 2004 as gelegitimeerde en as lidmaat van die NG Kerk, maar sit sy werk by Unisa voort as professor in Ou Testamentiese studies tot met sy aftrede in 2016.

Spangenberg moedig sy lesers aan om die Bybel nie as 'n onfeilbare dokument te sien nie, maar eerder as 'n versameling van tekste wat binne spesifieke historiese en kulturele kontekste geskryf is. **Hy wys daarop dat die Bybel 'n komplekse en menslike dokument is wat uit verskillende tradisies en tydperke ontstaan het.**

Die inspirasie vir sy jongste boek was 'n artikel wat in *Beeld* verskyn het gedurende die Covid-pandemie. Die artikel deur Barnard Beukman, onder die opskrif "**Dink jou eie waarheid uit", waarsku lesers teen die gevare om hulle eie siening of standpunt as die enigste waarheid voor te hou en net na mense te luister wat artikels lees wat húlle siening ondersteun.**

In hierdie boek neem Spangenberg die waarhede rondom die Bybel en die Christelike geloof onder die loep. Hy verduidelik hoedat waarheid met verloop van tyd wel kan verander….

**Lees verder aan hierdie interessante uittreksel by**

https://www.litnet.co.za/die-bybel-die-christelike-godsdiens-en-die-waarheid-deur-sakkie-spangenberg-n-resensie/



Hierdie boek gaan op 3 Februarie 2025 by die Boekgroep bespreek word. Edward Smuts



# SOMERFEES BY THE TANGRAM

## Hallo Sirkelvriende

Hierdie tyd van die jaar sê baie mense: "Die jaar het verbygevlieg; waar gaan die tyd heen?" Ek wil byvoeg: "Kan julle glo dat Neo-Spektrum (NS) The Tangram reeds vir volgende jaar se Somerfees op 8 November 2025 bespreek het sodat ons nie kan sê waar het die tyd heen gevlieg nie"? **TEKEN DIE DATUM IN JULLE KALENDERS AAN!!**

Somerfees 2024 was 'n groot sukses, want dit het meegebring dat NS kan voortgaan met die uitreik na die landelike gemeenskappe rondom Durbanville.

- By Attie van Wyk PS betaal NS maandeliks die salaris van een leerkrag, een klashulp en een sportfasiliteerder.
- NS ondersteun vier beurshouers wat in Fisantekraal woon; twee is in Durbanville HS, een in Aquilla SS, Fisantekraal en een in Scottsville SS, Kraaifontein.

Die Somerfees & Veiling is beplan, gereël en tot uitvoering gebring met baie Sirkelvriende se hulp:

- die hoeveelheid skenkings en donasies was werklik oorweldigend!!
- die Sirkelvriende wat op die veiling 'n lot of lotte teen rekordpryse gekoop het
- die ondersteuning van verskeie persone om dadelik en deurlopend bereid was om te help
- wonderlike diens by Durbanville Hills en The Tangram Restaurant.

**HIERVOOR IS ONS BAIE DANKBAAR!!**

Daar was soveel hulp op verskeie vlakke:

- 'n Somerfeeskomitee waarin elke lid 'n spesifieke taak gehad en uitgevoer het
- Verskeie persone wat elkeen in die dae voor die funksie 'n belangrike taak verrig het
- 'n Groot aantal Sirkelvriende wat voor en tydens die funksie gehelp het met al die verskillende take; ons was 'n volle 30 minute voor die eerste gaste opgedaag het klaar en kon rustig nog 'n drankie geniet.

Natuurlik is die **GETALLE** ook belangrik, want dit bepaal hoe NS sy **ONDERSTEUNING** kan bied:

- 96 persone het die Somerfees & Veiling bygewoon
- die waarde van die wyn- en kunsskenkings vir die veiling was 'n wonderlike R 80 400
- kontantdonasies het R 19 500 beloop
- die totale omset van die funksie was R 249 500
- die inkomste met die veiling was R 168 100
- die gelukkige trekking het 'n rekordinkomste van R 15 900 gelewer
- die wins was **R 184 637** en alles word vir ondersteuning gebruik.

Die Somerfees is in wese 'n omgeefees waartydens NS saamkuier met die doel om geld in te samel sodat NS sy verpligtinge teenoor die nabygeleë landelike gemeenskap kan ondersteun. Dankie aan elkeen van julle wat NS ondersteun. **Sirkelgroete Edward Smuts**

# SOMERFEES & VEILING










BO: VEILINGSLOTTE

REGS: NICO & TRESKA BOTHA

ONDER: SIRKELVRIENDE KUIER LEKKER SAAM




BO: EDWARD SMUTS DOEN VERWELKOMING

ONDER:
ANNELIZE VAN DER LINDE (VOORSITTER VAN NS)
& ANDRE CILLIERS











BO: LOUIS JANSE VAN RENSBURG (links) & ALEC DU PLESSIS (regs) DIE SEREMONIE-MEESTER





BO: JOHAN MULLER (links) VERTOON 'N LOT WAARVOOR TERBLANCHE JORDAAN (regs) 'N BOD VRA

ONDER VAN LINKS NA REGS: TERBLANCHE JORDAAN, ANN NAUDE, PIETER LOUBSER, ELSE-HELENE & EDUARD LOUBSER

BO VAN LINKS NA REGS:

HESTER & THEUNS MOOLMAN, SYLVIA CARSTENS, JOHAN & CECILIA MULLER

ONDER: SONSONDERGANG VANAF DIE DEK VAN THE TANGRAM





# Neo-Spektrum Jaarprogram 2025

| DATUM | PROJEK | INLIGTING |
|---|---|---|
| Deurlopend | ***Wysheidsirkel*** | Elke Sondag 10:00 |
| Soos aangedui | ***Boekbesprekings*** | 1ste Maandag van die Maand 19:00<br>Queenstraat, De Rust H09, Durbanville |
| Soos aangedui | ***Gespreksgroepe*** | Noordelike Voorstede 19:15<br>Lees A Course in Miracles<br>Laaste Donderdag van maand |
| | | Welgemeend Huis, Tamboerskloof 18:00<br>Informele gesprek oor christelike spiritualiteit |
| **Skoolkwartaal** | **15 Januarie - 28 Maart** | **(01/01 Nuwejaar; 21/03 Menseregtedag)** |
| 22-Jan | **UK Vergadering** | 19:00 - 22:00 |
| **School Term** | **8 April - 27 Junie (18/4 Goeie V; 21/4 Fam.; 27 tot 30/4 Vryh. Spes; 1 +2/5 Werkers; 16/6 Jeug)** | |
| 13-Apr | ***Gewone Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| 7 Mei | **UK Vergadering** | 19:00 - 22:00 |
| 10 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel<br>Ou Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| 17 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel<br>Nuwe Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| **Skoolkwartaal** | **22 Julie - 3 Oktober (9/8 Vrouedag; 24/9 Erfenisdag)** | |
| 27-Jul | ***Sosiale Funksie*** | Nog in beplanning |
| 17-Sep | **UK Vergadering** | 19:00 - 22:00 |
| **School Term** | **13 Oktober - 12 Desember (16/12 Versoen; 25/12 Kersfees; 26/12 Welwillenheid)** | |
| 26-Oct | **UK-Jaareindfunksie** | 12:00 - 15:00 |
| 5-Nov | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 8-Nov | **Somerfees** | Lekker samesyn |
| 7-Dec | ***Algemene Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |

**Edward Smuts: Samesteller** **ed56chris@gmail.com**
**Chrisna Smuts: Taalversorging** **chrisna1949@gmail.com**